
# Hoofstuk 3.4

## GELDSAKE (1930 – 1950): BESUINIGING EN DUN SNY VAN RIEME




**"Nie alleen moet aan geen uitbreiding gedink word nie maar selfs die inkorting van bestaande dienste en die afskaffing van poste waarsonder dit enigsins moontlik sal wees om klaar te kom moet ernstige aandag geniet. Op alle moontlike maniere moet uitgawes tot 'n minimum beperk word en terwyl elke inrigting verwag word om sodanige stappe te neem as wat deur sy omstandighede voorgeskryf word, word gevoel dat die verdere handhawing b.v. van plaaslike toelaes, selfs waar hulle met salarisse geïnkorporeer is, en die toelating van verlof nie geregverdig sal wees nie."**

**- Sekretaris van Onderwys, 8.9.1931**

## 3.4.1 Besuiniging

Die universiteitswese in die algemeen en die PUK in besonder is kwaai getref deur die depressie in die vroeë dertigerjare, wat veroorsaak is deur die ineenstorting van die Wallstraatse aandelebeurs in New York in Oktober 1929, die daaropvolgende goudstandaardkrisis, wat Suid-Afrika se wankelende ekonomie nog verder laat steier het, en uitmergelende droogtes. Regeringsbeleid ten opsigte van hoër onderwys in hierdie tyd is ook sterk beïnvloed deur hierdie knellende landsomstandighede.

Die Wet op Hoër Onderwys (Finansiële Voorsiening), Wet no. 27 van 1931, het die finansiële outonomie van universiteite ernstig aan bande gelê. Onder andere moes universiteite voortaan hul begrotings asook planne vir nuwe ontwikkelinge vir goedkeuring aan die minister voorlê. Van departementsweë is ook aangedring op besnoeiing en selfs tydelike vermindering in personeel se salarisse. [1] Só gebeur dit dat die regering vroeg in 1931 sy subsidies aan universiteite drasties inkort. [2]

Wat die Universiteit van Witwatersrand aanbetref, is die toestande soos volg geskets: "Government grants, quick to be cut, were slow to be restored, so that universities became more dependent on income from fees; new government controls were imposed on universities, and the way in which they spent their money ..." En toe Wits se biblioteek met onvervangbare materiaal in Desember 1931 in vlamme opgaan, het rektor Raikes die blaam gelê op die tekort aan geld. Pas tevore is 'n aansoek om 'n lening vir 'n geskikte biblioteekgebou deur die regering geweier. [3]

Ook die Universiteit van Pretoria het die remskoen kwaai aan eie lyf ervaar, as gevolg van "depressiebesnoeiing, die onsekerheid en die willekeurige bepaling van die staatsubsidie wat beleidsbepaling vooruit onmoontlik gemaak het". Hierdie inrigting "moes ... dus die skamele kleed van die armoede nog stywer om hom woel", veral toe die stadsraad van Pretoria in hierdie tyd vanweë 'n geskil oor die taalmedium sy ruim jaarlikse toelae van £2 500 teruggehou het. Die situasie het 'n mate van wrewel ontlok en minstens een departementshoof het uit protes sy bedanking ingedien. [4]

Die subsidie-inkorting het ook die PUK, wat midde-in 'n omvangryke bouprogram verkeer het en reeds baie probleme gehad het om sy boeke te laat klop, ietwat onkant gevang. In reaksie op die inperking vir 1931 het die Raad sy leedwese teenoor die departement uitgespreek omdat sy toelaag "so aansienlik" ingekort is, gewys op probleme rondom die bouprogram en beleefd versoek dat, as "absolute minimum", minstens die vorige jaar se toelae toegeken sal word, naamlik £11 715.

Die Raad het wel gehoor gegee aan die departement se oproep en sy begroting hersien, maar dit is duidelik gestel dat, nieteenstaande "baie drastiese en selfs gevaarlike besnoeiing", steeds 'n aansienlike tekort getoon sal word. Daarom word gevra dat die huidige jaar se begroting nie as norm moet dien nie omdat dit 'n noodmaatreël was en nie as reël gebruik kan word nie. [5]

Soos gebruiklik, is beroepe op goedgesinde politici soos ds ML Fick en minister PGW Grobler gedoen om hul invloed in belang van die PUK te laat geld. Minister Grobler, wat in die verlede niks ontsien het om die saak van die PUK te bevorder nie, was hierdie keer ietwat geïrriteer met die PUK-optrede en reageer só teenoor "Vriend" Postma: "Ek het 'n brief ontvang van Meneer S. du Toit ... om te probeer kry dat aan Potchefstroom dieselfde toelae gegee word as verlede jaar. Ek sal nie eers probeer om dit te doen nie. Ek het hard genoeg geveg toe die saak voor was en dit was vrugteloos. En die Sekretaris van Onderwys kan daar niks aan doen nie. Soos ek u destyds gesê het dit help nie om daaroor te spook nie, hoe jammer ons ook al mag voel; die besluit is eenmaal vasgestel deur die Kabinet en daar is niks aan te verander nie. Sê dit asseblief aan Meneer du Toit." [6]

Die PUK was as 't ware op die bedelstaf, en met die hoed in die hand word 'n rukkie later gevra dat 'n deel van die oorskot op die hoofgeboulening, ten bedrae van £1 650, vir die herstel en verfraaiing van die terrein rondom die geboue en vir ander verbeteringe op die gronde aangewend mag word. Maar dis puur verniet en die antwoord is 'n onverbiddelike nee, want dit is teen die regulasies. [7]

Behalwe die oprigting van 'n laboratorium, beplan die PUK ook die instelling van 'n diplomakursus in Huishoudkunde. Die rekenmeester van die departement van Onderwys ontleed die inrigting se huidige verpligtinge en vra-sê daarop: "Waar hulle die £500 sal kry vir uitrusting is bokant my vuurmaak plek." 'n Ander amptenaar wys daarop dat bestaande toestande maar min kans bied vir uitbreiding en dat die sekretaris se advies was dat maar "afwykend" op alle versoeke van hierdie aard gereageer moes word. Dit was toe soos in die departementele binnekamers vermoed was: die PUK het op die ou end die benodigde £500 in die vorm van "spesiale hulp" aangevra. [8]

In April 1931 is die leningsbegroting weer aan die beurt en word ministers Kemp, Grobler en Pirow as bevorderaars van die saak genader. Grobler erken hierdie keer net bloot ontvangs van die versoek, maar oudstudent Pirow sou "sy beste in die saak doen"



***3.4.1***

***Minister Oswald Pirow (oudstudent). Pirow het in Februarie 1905 as 14-jarige saam met sy 12-jarige broer Hans, wat later 'n bekende myningenieur sou word, by die Teologiese Skool op Potchefstroom ingeskryf. Na 'n jaar het hy sy studies in Duitsland gaan voortsit, waar hy sy doktorsgraad verwerf het. In 1914 het hy hom as advokaat in Pretoria gevestig en kort hierna tot die politiek toegetree.***

terwyl Kemp laat weet het dat hy die versoek in gedagte sou hou. [9]

Die sporadiese versoeke om finansiële hulp beteken egter nie dat die PUK afsydig gestaan het teenoor die departement se oproepe tot besuiniging nie. Inteendeel, die Raad het sy sittinge van vyf na vier per jaar verminder [10] terwyl die komitee vir Gronde en Geboue, die Biblioteekkomitee en die Fakulteit Natuurwetenskappe op 'n spesiale vergadering van die Senaat, wat spesifiek vir dié doel op 11 Februarie 1931 byeengeroep is, met konkrete besuinigingsvoorstelle na vore gekom het. Dit is selfs oorweeg om klasgelde te verhoog, maar daarvan is uiteindelik afgesien. Prof Dekker het op sy beurt aangebied om sy deeltydse werk as bibliotekaris sonder vergoeding te verrig. 'n Totale besuiniging van ongeveer £1 000 kon op dié wyse gemonster word. [11] As gevolg van die geldnood is selfs die dienste van terreinopsigter CP van der Walt einde Desember 1930 beëindig. [12]

Maar die oë kon nie gesluit word vir die werklike, dringende behoeftes nie. In die rektor se jaarlikse rapport aan die Senaat in 1930 is gewag gemaak van die skerp kritiek wat in die verlede jeens die PUK se fasiliteite uitgespreek is, ook deur die kommissie van die Universiteit van Suid-Afrika, wat daarop gewys het "dat so 'n huisvesting van laboratoria nie mag geduld word nie". [13] Pas nadat die finale rekeninge vir die voorafgaande bouprogramme teen einde Julie 1931 ingelewer is, word die aansoek om 'n lening van £25 000 herhaal, vir die oprigting van laboratoria wat as "dringende noodsaaklikheid" vir die deeglike en doeltreffende beoefening van die natuurwetenskaplike vakke bestempel is. [14]

Maar dis nie al nie. Twee dae later is daar 'n verdere versoek: sal die regering nie so goed wees nie om die restant van die lening van £4 000, wat in die vroeë twintigerjare aangegaan is vir die oprigting van die sinkgeboue, kwyt te skeld nie? Ongeveer £898 aan kapitaal is intussen gedelg, terwyl £1 172 aan rente betaal is. Met 'n effense verwytende toon word gemotiveer dat die destydse prys vir die sinkgeboue "besonder hoog" was en dat alle universiteitsinrigtings behalwe die PUK in die verlede skenkings vir geboue van die staat ontvang het. Onder die huidige moeilike depressietoestande sal die kwytskelding sy Raad "besonder ten goede kom", skryf die registrateur. [15]

Vroeg in September 1931 laat weet die sekretaris van Onderwys, dr SFN Gie, dat die PUK-deputasie die minister vier dae later kon spreek oor hul geldelike behoeftes en probleme. [16] Per omsendskrywe pas hierna het Gie weer die erns van die ekonomiese omstandighede in die land en die moontlikheid dat toelaes "aanmerklik" ingekort sou moes word, beklemtoon en tot dringende finansiële dissipline by die opstel van begrotings vir die volgende jaar (1932) gemaan.

Die riglyne wat Gie verskaf het, was nie juis bemoedigend nie: "Nie alleen moet aan geen uitbreiding gedink word nie maar selfs die inkorting van bestaande dienste en die afskaffing van poste waarsonder dit enigsins moontlik sal wees om klaar te kom moet ernstige aandag geniet. Op alle moontlike maniere moet uitgawes tot 'n minimum beperk word en terwyl elke inrigting verwag word om sodanige stappe te neem as wat deur sy omstandighede voorgeskryf word, word gevoel dat die verdere handhawing b.v. van plaaslike toelaes, selfs waar hulle met salarisse geïnkorporeer is, en die toelating van verlof nie geregverdig sal wees nie." [17]

In PUK-geledere was die reaksie tog positief en die Raad en Senaat het gunstig gereageer op die oproep tot besnoeiing. Die rektor het bepaalde voorstelle ter tafel gelê maar die departement sou in kennis



*3.4.2*

***Louise (Lulu) Latsky was in haar latere lewe 'n bekende skryfster van Afrikaanse jeugboeke. Sy was die eerste vrou wat 'n doktorsgraad aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf het.***

gestel word dat besnoeiinge "alleen gedoen word onder die abnormale toestande".[18] Die daad is by die woord gevoeg en daar is afgesien van voorgenome instelling van nuwe professorate, terwyl daar ook 'n skema vir salarisvermindering van personeel op gang gekry is.[19] In navolging van wat beskou is as die departement se uitdruklike aandrang op die afskaffing van assistentskappe, was die jeugdige en knap mej Louise Latsky die eerste slagoffer. Haar afdanking het met heelwat drama en dalk 'n tikke trauma gepaard gegaan.

## 3.4.2 Latsky-drama

Louise Latsky, dogter van 'n sendeling te Stellenbosch en vir twee jaar lank studente-assistent in Soölogie aan die Universiteit van Stellenbosch, het haar doktorsgraadstudie voltooi en vanaf die begin van 1931 'n assistentpos in Dier- en Plantkunde en Biologie aan die PUK beklee. Sy het die potensiaal waarvan haar goeie getuigskrifte gespreek het, verwesenlik en is vroeg in November 1931 deur rektor Postma die versekering gegee dat sy haar pos sou behou. Sy is dan ook inderdaad deur die Fakulteit Natuurwetenskappe en die Senaat vir permanente aanstelling aanbeveel.[20]

Na ontvangs van die departement se oproep tot besnoeiing en die gepaardgaande aandrang op die afskaffing van assistentposte, het die Senaat die Fakulteit Natuurwetenskappe versoek om hul aanbeveling ten opsigte van Latsky te heroorweeg, wat toe terstond gedoen is,[21] en het rektor Postma haar die dag van die raadsvergadering in kennis gestel dat haar pos, tot die Raad se "innige leedwese en spyt", een van dié was wat in die slag gebly het.

In sy skrywe aan haar meld Postma dat die Raad "alleen onder dwang" tot die stap oorgegaan het; sy was aanbeveel vir 'n vaste aanstelling, maar die hele begroting moes hersien word. Latsky se reaksie op haar summiere afdanking, soos openbaar in briefwisseling met die rektor en die registrateur, was dié van skok, verwarring, teleurstelling, spyt – met tog ook 'n mate van begrip en aanvaarding. Die brief bied ineens ook 'n beeld van personeelverhoudinge en werkstoestande aan die PUK van destyds.

Aan prof Postma skryf sy byna hartroerend:

"Dis vir my byna ongelooflik om te glo dat my werk by die P.U.K. nou vir altyd en so onverwags geëindig is. My doel hiermee is eintlik om vir u sowel as al die ander staflede van harte te bedank vir alles wat u almal aan my gedoen het. Nie alleen het ek my werk altyd ten volste geniet maar het ek ook u almal se vriendskap baie hoog op prys gestel. Dis seker onnodig om te sê hoe aangenaam ek my verblyf op P'Stroom gevind het en hoe gou ek tussen u almal tuis gevoel het. Die gedagte dat ek nooit weer vir die P.U.K. sal werk nie is vir my bitterlik swaar. Dat die Departement van Onderwys moet snoei kan ek goed verstaan, maar dat hulle ons so **laat** daarvan in kennis stel is wreed. Die paar posse wat ek nog goeie kanse voor gestaan het is nou reeds opgevul. As 'n mens aan die ander werkloses dink, wat dikwels groot families het om te onderhou, behoort ek nie so ondankbaar te voel nie."[22]

Twee weke later laat hoor sy weer van haar en is die toon van haar brief aan die registrateur ietwat meer verwytend. Die PUK word steeds ten volle verontskuldig, maar sy hou die departement van Onderwys direk verantwoordelik vir haar werkloosheid en vra of die Universiteit nie ook wil bemiddel dat die departement haar minstens vir een kwartaal sal vergoed nie. Sy kon etlike ander betrekkings kry, maar haar afdanking was te laat en al die poste was reeds gevul. En: "Graag wil ek weet of hulle nie ook dink dat hulle ons 'n bietjie [die woord "uiters" is deurgehaal] onbillik behandel het nie!"[23]

Toe dit blyk dat van PUK-kant niks aan haar saak gedoen kon word nie, spyt dit haar innig dat sy lastig was, begryp sy die situasie baie goed en sluit sy die saak af sonder tekens van 'n wrok: "Die vordering en vooruitgang van die P.U.K. sal ek altyd met baie belangstelling gadeslaan. Mag u inrigting ook in die toekoms baie voorspoedig en tot groot seën wees." [24]

Latsky het intussen vir prof Postma, wat op besoek in Kaapstad was, kom sien en hy het gemoedere gekalmeer: "Sy begryp die posisie ten volle en het haar spyt ook te kenne gegee oor die brief wat sy aan die Raad gerig het. Ek verstaan van haar moeder dat die ontslag haar baie ontstel het so selfs dat sy siek geword het. In die toestand is daardie brief geskryf." [25]

In Desember 1932 vra sy vanaf Stellenbosch 'n getuigskrif terug en skemer 'n tikkie verwyt tog deur in haar poskaart: "Gelukkig of ongelukkig het ek die getuigskrif nog nie nodig gehad nie aangesien daar nog geen geskikte pos vir my oop geval het nie." [26]

Of die Latsky-geval hom tot versigtigheid gemaan het, is nie seker nie, maar in dieselfde brief waarin Postma vanuit Kaapstad die registrateur omtrent Latsky se besoek inlig, handel hy ook oor afdanking van personeel, oor salarisse en oor die Raad se kontraktuele verpligtinge in die verband. Hy het informasie hieroor en beveel aan dat niks gedoen moet word tot met sy terugkeer nie. Hy sou self graag die bevordering van sekere lede van die personeel wou sien, sê Postma, maar waarsku "dat dit op hierdie tydstip 'n **baie** ongunstige indruk op die Regering sal maak om die bevordering aanhangig te maak. Dit is in die belang van die betrokke staflede self en natuurlik vir die P.U.K. dat hiermee eers gewag word. Ek is positief seker dat dit botweg gaan geweier word; so 'n besliste weiering gaan die weg in die toekoms versper en blok." [27]

Op die oog af kan dit lyk asof Latsky as ongetroude vrou 'n maklike "slagoffer" van die besuinigingsbeleid van die PUK en die staat was. Die twintiger- en dertigerjare staan in die teken van die emansipasie van die vrou en vrouestemreg het eers in 1930 sy verskyning op die Suid-Afrikaanse wetboek gemaak. [28] Die PUK se beleid ten opsigte van indiensneming van vroue was geskoei op die amptelike regulasies wat deur wetgewing op alle universiteite van toepassing was asook op staatsdiens regulasies. [29] Aan die PUK was vrouedosente 'n rariteit. Met die uitdienstreding van mev MM (Radloff) van der Merwe (senior lektrise in Plantkunde) aan die einde van 1931 was prof AC Norenius (Engels) die enigste vroulike lid op die permanente personeel. Tydens Norenius se verloftyd van twee en 'n half jaar het mej EMR Mackenzie darem wel haar vroulike skoene voor die studente volgestaan. Dat daar wel 'n mate van anti-feminisme by die oorweldigend mansgeoriënteerde personeelkorps was, het enkele jare na Latsky se ontslag en by die vul van Norenius se vakature baie duidelik geblyk.

Maar tog was dit hier nie 'n geval van diskriminasie nie. Latsky se pos was die enigste sodanige assistentskap en dus die logiese beginpunt vir besnoeiing. Wat vas staan, is dat in Latsky die PUK 'n baie knap en lojale leerkrag verlore laat gaan het. Reeds in die Maart 1931-uitgawe van die kwartaalblad *Die Besembos* is, met 'n welkomsgroet aan die nuwe assistente in Biologiese wetenskappe, van haar gesê: "Sy het indruk op die studente gemaak!" [30] Wat die Latsky-geval nie goed laat afgaan nie is die feit dat daar van meet af onsekerheid oor die kontinuering van die pos bestaan het en dat dié feit inderdaad aan 'n vorige kandidaat genoem is, maar nie aan Latsky nie. [31] En, natuurlik, die feit dat sy eers einde November afgedank is, ná Postma se mondelinge versekering dat sy wel permanent benoem sou word. In die Latsky-geval klink eggo's op van prof SPE Boshoff se beweerde opmerking by sy weggaan van die PUK af, naamlik dat die PUK sal moet leer om vriende te maak …

### 3.4.3 "Begrotings, hersiene begrotings …"

Vroeg in 1932, met Postma terug op sy pos nadat die derde lesing van die Private Wetsontwerp rakende die herstel van die naam van die PUK suksesvol deur die parlement geloods is, is dadelik aandag gegee aan die knellende finansiële situasie. Die Raad kon nie anders nie as om 'n beroep op sy personeel te doen om 'n deel van hul salarisse prys te gee. Die salarisaftrekkings, wat in medewerking met die departement van Onderwys onderneem is, het geskied op die formule van 10% op die maksimum salaris en daarna 'n kwart persent vir elke £25 minder as £876. [32] Hierdie "besparing" het vir 'n jaar geduur en in die tydperk is iets meer as £1 043 van die personeel gevorder – maar dit is darem in 1936 aan hulle terugbetaal. [33]

In sy jaaroorsig vir 1932 verwys Postma na die ongelukkige afdanking van dr Latsky en sê, asof apologeties, dat enige verdere besnoeiing in personeel sou neerkom op "afbreking van wat met veel moeite en inspanning opgebou is". Hy bring ook hulde aan die doserende en administratiewe personeel wat nie net gereelde bydraes tot die boufonds lewer en in alle opsigte help om die Universiteit se belange te bevorder nie, maar ook sonder besware toegestem het tot verminderde salarisse. [34]

Die leningsaanvraag vir laboratoria was maar weer in 1932 op die agenda. Dit sou eers in April 1933 oorweeg kon word, maar die sekretaris van Onderwys het by voorbaat gewaarsku dat dit weens die heersende slegte finansiële toestande moeilik sal wees om enige nuwe lenings aan inrigtings toe te staan. [35]

Wat hierdie Achilleshiel van die jong en worstelende universiteitsinrigting betref, is daar moed gehou, "word daarna gestreef om met die beperkte en nog ingeperkte middele te verskaf wat nodig is vir 'n deeglike en wetenskaplike opleiding. As eenmaal die nuwe geboue hiervoor 'n voldonge feit word, sal blyk dat die inrigting ook in hierdie opsig geen stilstand vertoon nie".

Daar is teruggegryp na 'n beweerde uitdruklike belofte van die vorige minister dat, indien toestande verbeter, wel in die behoefte sou word en dis duidelik en half-aggresief uitgespel: "Die P.U.K. is nie met sinkgeboue gediend nie." [36]

Soos nou reeds byna geykte gebruik was, het die PUK dit nodig geag om sy begrotingsvoorstelle vir 1933 deputasiegewys aan die minister te gaan stel. [37] Dr Gie het probeer keer, omdat sy minister as reël nie deputasies van inrigtings in verband met hulle begrotings te woord staan nie en wel omdat die minister nog nie in 'n posisie sal wees om enige belofte te kan maak nie. Vir die PUK-voormanne het die saak anders gewerk en op hul aandrang het die onderhoud wel op 4 November 1832 plaasgevind. [38]

Postma het vooraf vir "Hoog Ed. Heer en Hooggeagte Vriend" PGW Grobler ingelig dat dr Malan tydens die onderhoud versoek sal word om die PUK se subsidie terug te plaas op die kerf van vier jaar tevore, naamlik £10 670. As die subsidietoekenning op dieselfde basis is as dié van die huidige jaar, sal dit teen die einde van 1933 'n tekort van £1 700 toon. Die tekort sal toe te skryf wees aan die oneweredige inkortingsformule van die regering (22% vir die PUK teenoor 18% vir bv. Stellenbosch en Pretoria) en die verminderde inkomste uit ondersteuningsbronne "deur omstandighede wat goed bekend is". As dit so moet voortgaan, sê Postma, is hy bevrees dat die PUK binne 'n paar jaar in "groot moeilikhede" sal verkeer: "Ons kan geen verdere besnoeiinge maak sonder die inrigting geweldig skade te doen nie."

Postma meen nie hul versoek is onbillik nie as in aanmerking geneem word dat by inkorporasie en 'n paar jaar daarna die PUK nie volgens wet sy regmatige deel ontvang het nie en gevolglik £1 087 verloor het. En al was die PUK destyds geen erkende inrigting nie, moet tog onthou word dat die PUK geen geboue van die regering ontvang het nie en alles self moes finansier. Word die aangevraagde subsidie gegee, "sien ons kans om deur te kom en verder te ontwikkel", onderneem Postma teenoor Grobler en deur hom natuurlik tot dr Malan. [39]


Finansieel het dinge vir die PUK maar donker gelyk. Die algemene finansiële nood in die land het ook die geld-invloei vanaf die PUK-komitees aanmerklik laat afneem. In die loop van 1932 kon die boufonds met karige bedrae van £281 (donasies), £450 (PUK-komitees) en £29 (kinders en jongmense) aangevul word. Van die kant van PUK-"kamers" het daar ongeveer £1 060 gerealiseer, teenoor die £8 386 van die vorige jaar. Die troue finansiële steun, te midde van "hierdie swaar tye", van die kant van die Gereformeerde Kerk (£1 750 per jaar) en die stadsraad van Potchefstroom (£150 per jaar) is steeds hoog waardeer. [40]

'n Groepie Nederlanders en simpatiseerders vanuit Potchefstroom onder leiding van onderwyser J de Ruiter het ook op Nederlanders 'n beroep op steun vir die PUK gedoen. **(insetsel op p441)**

In hierdie tyd van finansiële gebrek en dun sny van rieme was die jaarlikse skenkings en bydraes, hoe gering ook al, wat uit verskeie oorde die PUK toegekom het, kosbare kleinode en het dit ongetwyfeld gehelp om die wa deur die drif te trek.

In die enjinkamer was daar deurentyd ook die administratiewe personeel wat die boeke moes laat klop: "Met begrotings, hersiene begrotings en nogmaals hersiene begrotings om maar altyd te besuinig het die administrasie geen aangename werk gehad nie. Tye van depressie laat syfers 'n ongewone rol speel, maar hulle is tog so ingespan dat sake nou marsjeer ... Die wens is dat in die komende jaar deur 'n ruimer behandeling van die kant van die Departement die administrasie 'n aangenamer taak wag." [41]

Optimistiese verwagtinge teen die einde van 1932, dat die ekonomie weer aan die opswaai was, is versterk deur die besluit van premier JBM Hertzog om te swig voor Tielman Roos se politieke druk en van die goudstandaard af te stap, laat in Desember 1932. Die hieruitvoortspruitende vorming van 'n koalisieregering vroeg in 1933 het sakevertroue skerp laat toeneem.



***Tielman Roos ... het Hertzog van goudstandaard gedwing.***

gemaak. Ons het die egtheid en die opregtheid daarvan altyd gevoel. Reeds herhaalde male het ons studente alle verenigings en persone wat aan die goedgeslaagde dae meegewerk het, verseker van ons dank. Mag ek ook langs hierdie weg nogeens die innige dank en die hoë waardering van alle deelnemers uitspreek. En behalwe ons opregte dank, ook ons hartelike gelukwense.

*Amsterdam*, 9 Julie 1932. GEOFFREY CRONJÉ.

**Een Stem uit Potchefstroom.**

Zuid-Afrika heeft Nederland nog altijd noodig en omgekeerd Nederland Zuid-Afrika in grooter mate dan menigeen denkt of vermoedt. Op zich zelf is dat gelukkig en het werkt het geven van steun, eveneens wederzijds, in de hand. Na Pretoria met zijn Nederlandsch Cultuurhistorisch Instituut, na Johannesburg met zijn groote, langzaam bewust wordende massa van Afrikaanschsprekenden is het Potchefstroom dat een beroep ook op Nederland doet.

Wij laten het hieronder, eenigszins verkort, volgen:

Onlangs zijn de nieuwe gebouwen van het Potchefstroomsche Universiteits-kollege geopend. De bouwkosten zijn van de regeering geleend doch moeten geheel worden terugbetaald, en daardoor wordt een gezonde ontwikkeling, ook van de afdeeling Nederlandsche taal en letterkunde, ten zeerste belemmerd.

Vrijwel alle Nederlanders, zoowel hier als elders, beschouwen thans de Afrikaansche taal als een waardige tak van hun eigen Moedertaal en ondersteunen die van ganscher harte. Daarnevens staat het gelukkige feit, dat ook de Afrikaansch-sprekende bevolking meer en meer beseft, dat innige samenwerking tusschen beide takken van de Dietsche stam op taal- en kultuurgebied hoogst gewenscht is.

Het P.U.K. geniet het groote voorrecht, dat de taal- en letterkundige afdeeling onder leiding staat van een bekwaam man als Dr. G. DEKKER, die niet alleen 'n oprechte Afrikaner is, maar ook als Nederlandsch letterkundige en kritikus een uitstekende naam heeft. Door deze zeldzame en uiterst gelukkige omstandigheid is de Potchefstroomsche leerstoel bijzonder geschikt om de boven bedoelde samenwerking op nuttige en sympathieke wijze te bevorderen. Bovendien past het P.U.K. zich uitstekend aan bij de geestelijke atmosfeer van een groot deel van het Afrikaansche Volk.

Waar door zekere personen en lichamen het initiatief is genomen om andere faculteiten van het P.U.K. geldelijk te steunen, hebben wij gevoeld, dat ook vrienden van het Nederlandsch niet kunnen achterblijven, en de afdeeling voor Ned. taal en letterkunde zoo krachtig mogelijk behooren te helpen.

Onze gedachte is, deze afdeeling te voorzien van voorwerpen, die noodig zijn voor 'n degelijk onderwijs in Nederlandsche Letterkunde en Kultuur, zooals reproducties van schilderijen, tijdschriften, boekwerken, enz. terwijl een batig saldo in het bouwfonds zal worden gestort.

Zooals men ziet het voorbeeld van het N.C.I. te Pretoria trekt en prof. BOKHORST maakt reeds „school" in Zuid-Afrika. Aan samenwerking tusschen Pretoria en Potchefstroom zal het ook niet ontbreken, zie het artikel van prof. B. in ons April-nummer van verleden jaar.

Alle bedragen voor Potchefstroom kunnen gezonden worden aan den heer J. DE RUITER, Tomstraat 49, Potchefstroom, die als sekretaris-penningmeester optreedt. De oproep draagt als onderteekenaren de namen van: mevr. wed. JAN LIGTHART—LION CACHET, J. G. DE VOS B. A., Inspekteur van Skole, J. M. PONS, Vice-Consul der Nederlanden, J. C. PAUW M. A., Prinsipaal Hoëre Volkskool en J. DE RUITER M. A., Leraar Gimnasium Skool.

*3.4.3*

*Zuid Afrika 9(8) Augustus p117*

Uitmergelende droogtes in 1933, wat veral die landelike ondersteuningspubliek van die PUK hard getref het, sou egter nog vir 'n tyd lank gereflekteer word in die geldelike bystand wat aan die inrigting verleen is. Met groot dankbaarheid kon gemeld word "dat die fonteintjie van die P.U.K. nog nie heeltemal opgedroë het nie". Op inisiatief van die energieke assistent-registrateur, mnr S du Toit, is die boufonds in Augustus 1933 met £36 versterk deur 'n groot tennistoernooi waaraan ook spelers van omliggende dorpe deelgeneem het. Ook is gemeld van 'n "baie suksesvolle musiekaand" deur prof Menge en sy dogter, violiste vanaf Johannesburg. Die totale ontvangste vir 1933 het darem heelwat beter gelyk as die vorige jaar: wat algemene fondse betref (donasies, PUK-komitees, ens.) is tot Oktober ongeveer £925 ontvang, en vir kamerprojekte ongeveer £1 114.[42]

**MONSTER TENNIS TOURNEY.**

**P.U.C. BUILDING FUNDS BENEFIT**

**The Winners and their Prizes.**

By general consent, as was expressed by the mayor (Mr. W. B. Barnard, M.P.C.), in the course of a few remarks at its close prior to the distribution of the prizes by the mayoress, the monster tennis tournament held in Potchefstroom on Monday (public holiday) was acclaimed to have been most successful from the social and every other aspect, and Mr. S. du Toit, assistant registrar of the institution, who organised it in aid of the building fund of the Potchefstroom University College, is to be heartily congratulated on the arrangements made and on their being carried through so efficiently. The financial result of the effort, The Herald is informed, will be in the vicinity of £35.

Entrants numbered 220, and they came from Pretoria, the Rand and Reef, and Western Transvaal towns. Twenty-six courts were used in various parts of the town, including those at the P.U.C., Gymnasium, Housecraft, Volks Hoër, and Girls' High Schools; Normal College, Experimental Farm, Police, and Eureka courts. Eliminating matches were played in the forenoon at all these places, mixed doubles being the order of the game. Finalists from the various arenas met in the afternoon on the Park courts, where over 300 people assembled to see the play. The

*3.4.4*

*Die toernooi was "most succesful from the social and every other aspect". Daar was 220 inskrywings, selfs vanuit Pretoria, die Rand en verskeie Wes-Transvaalse dorpe; 26 bane oral in die dorp is gebruik en tydens die finale rondes op die Park was daar meer as 300 toeskouers.*

## 3.4.4 Adamson-kommissie

Vanweë ontevredenheid oor en ontgogel deur die koalisie tussen genl. Hertzog en genl. Smuts vroeg in 1933, het dr Malan sy kabinetsposte prysgegee en het die oudonderwysman JH Hofmeyr vanaf 31 Maart 1933 as minister van Onderwys opgetree. [43] Net soos koalisie die towerwoord was vir die herstel van politieke bestendigheid in die land, was dit vir die universiteitsgemeenskap asof 'n ligstraaltjie hul bewolkte ekonomiese lugruim deurklief het. Een van die eerste take wat Hofmeyr op hom geneem het was om die wyse waarop aan universiteite en universiteitskolleges subsidie verleen word, grondig te laat ondersoek. Daar was kennelik te veel probleme hiermee. Hofmeyr self is op rekord dat hy gekant was teen Malan se wetgewing in 1931 en teen die wyse waarop universiteite se toelaes as gevolg daarvan verminder is. [44] Dit was sy oogmerk, en hy sou ook oor die middele daartoe beskik om die regering se ekonomiese houvas op die universiteite te verslap. [45]

Dit was nie net die PUK wat ontevrede was met die wyse waarop subsidies in die jongste verlede verleen is nie. Die Universiteit van Suid-Afrika, wat voorheen ruim uit die staatskas gehelp is, het vanaf 1930 'n drastiese afname in subsidie beleef: teenoor £6 000 in 1930 het dit in 1933 slegs £500 ontvang. Geen wonder nie dat 'n "bekommerde afvaardiging" van dié universiteit sy opwagting by nuwe minister van Onderwys, JH Hofmeyr gemaak het. [46] Ook ander universiteite het aan die agterspeen van die staatskas gedrink. Klaende oor die £1 385 vermindering van die Puk se subsidie in 1932, word op navraag verneem dat Rhodes Universiteitskollege se subsidie in minder as twee jaar met meer as £9 000 gesny is! [47]

Heeltemal in 'n ander klas, is ook die Universiteit van die Witwatersrand se subsidie met ongeveer 25% teruggesnoei, van £98 000 tot £73 000, [48] terwyl die Universiteit van Pretoria in 1932 en 1933 "die skamele kleed van die armoede" nog stywer om hom moes woel en in 1932 byvoorbeeld tevrede moes wees met £35 440. [49]

In Mei 1933 het prof Ferdinand Postma die nuwe minister, met wie hy op besonder goeie voet verkeer het, genader vir die heroorweging van die aangevraagde lening van £25 000 vir die oprigting van laboratoria en wys hy daarop dat sy voorganger (Malan) "een en ander maal uitdruklik beloof het" om, sodra dit moontlik is, die lening te verkry en wel omdat hy oortuig geword het van die noodsaaklikheid daarvan. Dr Gie, sekretaris van Onderwys, het egter vasgestaan: daar kan wel weer volgende jaar aansoek gedoen word, maar geen belofte kan gemaak word nie; die saak geniet egter die departement se "volste aandag". [50]


In Februarie 1934 het die PUK gevolglik weer aansoek gedoen vir die £25 000-lening vir laboratoria. Op versoek van Hofmeyr, het Gie die historiese verloop van hierdie versoek uitgestippel. Maar van die tydstip sowel as die inhoud van die beweerde belofte wat Malan sou gemaak het, het Gie onkunde gepleit: "Dit is egter goed denkbaar dat hy waarskynlik tydens 'n besoek aan Potchefstroom, waarvan ek weet maar waarby ek nie teenwoordig was nie, gesê het dat hy erken dat die P.U.K. nuwe laboratorium-geboue nodig het (dit sal elkeen erken wat die inrigting besoek) en dat hy toe beloof het om te probeer om die nodige lening te verkry sodra die landsomstandighede dit moontlik maak. My indruk is dat soiets wel gebeur het." Volgens Gie kon daar nie sprake wees van 'n vaste belofte nie, want goedkeuring daarvoor is nooit van die Tesourie verkry nie. Die PUK sal hulle gevolglik maar aan die nuwe reëling moet onderwerp en hy gee ook advies oor die trant waarin geantwoord behoort te word. [51]

Nog in April laat weet minister Hofmeyr vir Postma dat hy sorgvuldige aandag aan die versoek gegee het. Hy is bereid om, soos sy voorganger, alle pogings in werking te stel om inrigtings te help om die nodige geboue te verkry; maar, anders as sy voorganger, wat dit by wyse van lenings wou doen, sal die Minister poog om dit onder die nuwe beleid deur toekenning van 'n spesiale toelaag te bewerkstellig, mits die betrokke inrigting die helfte van die vereiste bedrag beskikbaar het. [52]

Daar is egter nie handdoek ingegooi nie. Op 2 Mei 1934 voer Postma en sy raadsvoorsitter, ds WJ de Klerk, 'n persoonlike onderhoud met die minister. Die nuwe subsidiestelsel het kennelik nie die PUK aangestaan nie, want 'n week of wat tevore het De Klerk by die registrateur data aangevra oor die studentetal van alle universiteite, ten einde die subsidie per student te kon vasstel. Die doel daarmee: "Ek wil probeer om van die Parlementslede te kry, wat sal pleit vir gelyke behandeling van Engelse en Afrikaanse Inrigtings." [53]

Die "nuwe beleid" waarna minister Hofmeyr in die skrywe aan die PUK verwys het, was gebaseer op die verslag en aanbevelinge van die "Komitee van Ondersoek insake Subsidies aan Uniwersiteite, Uniwersiteitskolleges en Tegniese Kolleges", ook bekend as die Adamson-kommissie. Die voorsitter van die kommissie, wat in Julie 1933 aangewys is en sy verslag einde November bekend gemaak het, was sir John Adamson, 'n voormalige direkteur van Onderwys in Transvaal (1905-1924) en rektor van Rhodes Universiteitskollege (tot 1930), met die ander lede mnr JJI Middleton en dr SFN Gie, sekretaris van Onderwys.

Die oogmerk van die kommissie was om versoening te bring tussen wat reeds deur die Van der Horst-kommissie uitgewys is as aan die een kant 'n



***3.4.5***

***Sir John Adamson. Sy kommissie se verslag druk die vinger op die pols van ekonomiese toestande, ook aan die PUK.***

bevredigende mate van vryheid aan die inrigtings en aan die ander kant oordrewe aansprake op hulp van die staat. Hierdie swakhede is in die voorafgaande jare uitgewys: "In die jare van oorvloed is die staat te dikwels gepluk; in die maer jare is die inrigtings te erg beperk om hulle pligte bevredigend te verrig." [54] Anders gestel, moes die "arbitrêre 1931-grondslag" vervang word. [55]

Nie net sy uitgangspunt nie, maar ook die manier van doen van die kommissie sou heelwat meer bevrediging gee as wat die geval met die Van der Horst-ondersoek was. Eers is memoranda van inrigtings aangevra, en toe op verskeie vergaderings beredeneer. Daarna is besoeke by al die inrigtinge afgelê: "Die besoeke was … nie te kort vir 'n volledige en vrye diskussie met die finansiële verhouding as rigsnoer, maar nie daartoe beperk nie. Toepaslike punte is te berde gebring deur onsself sowel as deur die verteenwoordigers van die inrigtings en ons wens ons erkentelikheid te betuig vir die volledigheid van die feite wat aan ons voorgelê is en vir die vriendskaplikheid en volledigheid van die diskussies. Orals het ons tyd gehad om iets van die geboue, uitrusting en organisasie te sien." [56]

Die Adamson-kommissie se motivering vir hul aanbeveling van subsidieverlening "op 'n taamlik rojale skaal" is vierledig: (a) dat Suid-Afrika in 'n intellektuele eeu soveel moontlik in sy eie behoeftes moet kan voorsien; (b) dat die ekonomiese welsyn van die nasie bevorder moet word, nie net deur onderwys nie maar ook en veral met navorsing; (c) dat deur professionele opleiding toekomstige leiers gelewer sal word, beklee met tegniese kennis, 'n ruime blik, verdraagsaamheid en grootmoedigheid van gees, en (d) dat dit sal bydra tot 'n verstandige en verdraagsame nasionaliteit. [57]

In sy evaluering van die uitwerking wat Onderwysminister Malan se Wet nr 27 van 1931 op universiteite gehad het, gee die verslag 'n presiese beeld van wat ook op die PUK-kampus gebeur het: "Ernstige gevolge was onvermydelik. Een uniwersiteit het op sy kapitaal geteer en sodoende vir toekomstige jare sy inkomste van skenkings, een van die basisse van subsidie wat ons voorstel, verminder. In ander gevalle is lektorate en demonstratorskappe afgeskaf, salarisse verlaag, en langverlof – dikwels 'n werklik onmisbare geleentheid vir studie en navorsing vir 'n onderwyser aan 'n uniwersiteit – wat enige addisionele koste vir die inrigting beteken het, opgeskort. Hierdeur is baie van die menslike kragte geverg en vir sover doeltreffendheid gehandhaaf is, was dit te danke aan lojale samewerking en selfopofferende inspanning."

Dit lei geen twyfel nie dat hierdie en ander uitlatings, soos byvoorbeeld ook die verwysing na "die verlammende uitwerking van onsekerheid", [58] maar bloot net eggo's is van die getuienisse en voorleggings wat deur die PUK en mede-universiteite gelewer is.

Die essensie van die Adamson-verslag was 'n stelsel van vaste subsidie vir drie jaar, wat in die praktyk min of meer konstant sou bly vir vyf jaar en waardeur, volgens Postma, 'n gesonde rustige groei en ontwikkeling bevorder kon word. [59] Subsidie sou voortaan toegeken word op grond van inkomste en nie, soos voorheen, op grond van uitgawes nie, met formules wat daarop gemik is om universiteite aan te moedig om soveel moontlik inkomste as skenkings of van ander bronne te bekom. [60]

Wat die oprigting van geboue betref, is dit asof die jarelange en volgehoue argumente en vertoë van Postma-hulle weerklank gevind het, is dit byna asof die kommissie 'n direkte antwoord aan die PUK verskaf: "Daar is geen weerspreking van die argument dat die doeltreffende onderwys van wetenskap b.v., moderne laboratoria vereis, en ook kan die estetiese en kulturele uitwerking van 'n waardige omgewing nie ontken word nie. Maar ewemin kan die verlammende uitwerking van leningskoste ontken word sou die regering voortaan 50% van die uitgawes dra en sou die universiteit vir die res moes sorg."[61]

Die nuwe wending vir sover dit staatsfinansiering vir universitêre onderrig betref het saamgeval met 'n algehele verbetering in landsfinansies en die PUK sou vanaf die tweede helfte van die dekade dertig ook op finansiële gebied 'n periode van gestadigde maar gesonde groei beleef.

Hoewel daar skynbaar breë instemming was met die gees van die verslag, was daar tog heelwat detail wat nie aanklank gevind het nie. PUK-rektor Postma sou 'n leidende rol speel in die monstering van 'n interuniversitêre aksie om leemtes en teenstrydighede in die verslag en aanbevelinge aan die owerheid tuis te bring.

Nadat hy ruggespraak met kollegas aan UP gevoer het, het Postma einde Augustus 1934 'n memorandum oor aspekte van die verslag van die Adamson kommissie deurgegee na sy eweknie aan GUK, RB Saayman, en na die registrateur van UP. Laasgenoemde inrigting was terloop op hierdie stadium leierloos en midde-in een van die verskeie rektorekrisisse in sy bestaan. Soos gesien, was Postma self 'n sterk kandidaat vir hierdie warm stoel. [62]

Die memorandum handel enersyds oor die toekenning van subsidies en dui aan dat die bronne van inkomste waarop die nuwe formule gebaseer is, nie gelykwaardig is aan al die inrigtings nie. Hy ag dit nodig "om die Departement daarop te wys dat die Adamson-formule onprakties is en nie vir drie jaar gehandhaaf kan word nie". Voorstelle en wenke ter verbetering word in die memorandum aan die hand gedoen.

Tweedens handel Postma se stuk oor lenings vir bouplanne en word ook hier voorstelle ter implementering gedoen. Postma se oorhoofse plan van aksie lyk so: "As Pretoria, Bloemfontein en Potchefstroom dit met mekaar kan vind, kan saam plan gemaak word om die ander inrigtings te nader om uiteindelik, indien moontlik, gesamentlik die saak aan die Departement voor te lê." [63]

Vroeg in September het Postma sy aangepaste memorandum deurgegee aan die Universiteit van Witwatersrand, Grey Universiteitskollege, Hugenote Kollege en Rhodes Universiteitskollege en hulle genooi vir 'n samespreking saam met die ander drie wat reeds betrek is. Kopieë van die memorandum is ook aan die universiteite van Stellenbosch en Kaapstad gestuur. [64]

Op die konferensie wat laat in September in Pretoria gehou is, is besluit dat die subsidiebasis in Julie 1935 op 'n konferensie in Pretoria met die minister beredeneer sou word, terwyl die kwessie van lenings in Januarie 1935 op 'n interuniversitêre konferensie in Kaapstad ter tafel sou wees. Laasgenoemde sou ook kon dien as voorbereidende vergadering vir die byeenkoms met die minister in Julie 1935. [65]

Middel-Februarie 1935 laat weet Saayman, as sekretaris van die konferensie, dat die minister nie bereid is om die beoogde konferensie in Julie 1935 byeen te roep nie. Maar Postma, wat deurgaans sterk leiding in die saak geneem het, was vasberade: "Ek meen dat ons moet deurgaan met die saak ... 'n Konferensie moet ons hou en sake deeglik met mekaar bespreek. Eers as samewerking onmoontlik blyk, kan verder aksie geneem word." Hy vra dat Saayman die konferensie reël vir 5 Julie en sommer 'n afspraak maak met die minister, later die dag. [66] Einde Julie lig Postma sy komitee vir Finansies in oor die Pretoria-samesprekinge, waaruit blyk dat alle universiteite by 'n opvolg konferensie vroeg in 1936 te Kaapstad met konkrete voorstelle vorendag moes kom. Na raadpleging van die Senaat en met stewige insette van veral prof DJ van Rooy was die PUK se voorlegging gereed. [67]

Op 16 Januarie 1936 sit Postma voor tydens 'n samekoms van universiteite en kolleges in Kaapstad ter afronding van die vorige werksaamhede betreffende die Adamson-kommissie se aanbevelinge. Hy wys op die uitwerking wat die subsidie-formule van die kommissie asook 'n voorstel van prof Beattie op sy universiteit sou hê en kom dan met 'n nuwe voorlegging. 'n Voorstel van die nuwe rektor van UP, CF Schmidt, word egter aanvaar dat toekennings nie minder sal wees nie as wat die inrigtings die voorafgaande drie jaar ontvang het. Die Adamson-formule is op voorstel van senator FS Malan as 'n werkbare basis aanvaar, behalwe vir sover dit subsidie op klasgelde betref. In hierdie verband is 'n voorlegging van prof Beattie, UK rektor, aanvaar, wat vir 'n afnemende glyskaal voorsiening maak. [68]

### 3.4.5 Boufonds / fondsinsameling

Met die opswaai in die ekonomie teen die middel van die dertigerjare sou verwag kon word dat ook die PUK se finansiële toestand 'n stygende kurwe toon. Die inkomstestaat van die inrigting maak egter nie juis aangrypende leesstof uit nie.

Die gereelde jaarlikse bydrae van die Potchefstroomse stadsraad, £150, kom met eentonige reëlmaat voor – behalwe in 1938, toe laasgenoemde bydrae gekonsolideer is met die oog op die oprigting van laboratoriums en dit eenmalig tot £2 000 verhoog is. Nie dat die PUK ondankbaar was nie; nee, daar is deurlopend dank betoon en gewys op die belangrikheid van hierdie konstante skenkings. Soms is daar egter geflikflooi vir 'n ietsie ekstra, of vir vroeër uitbetaling.

In April 1935 word 'n lang skrywe aan die stadsraad gerig [69] en gevra vir uitbetaling van die beloofde bedrag

vir die boekjaar tot 30 Junie "aangesien ons die geld nou baie nodig het in verband met sekere uitbetalings wat gemaak moet word ...". Verwysende na die vorige jaar se versoek om 'n verhoogde toelae, word die versoek nou herhaal – met breedvoerige opgaaf van redes. Eerstens word gewys op die £25 000 wat jaarliks deur die PUK in die dorp in sirkulasie gebring word, en op geboue ter waarde van £39 000 – geboue wat, met uitsondering van die kontrakteurs, geheel en al deur plaaslike arbeid opgerig is. Nog £22 000 se bouwerk is in die pyplyn en sal uitsluitlik deur blanke arbeid van die dorp onderneem word. Die PUK is dus, volgens assistent-registrateur Du Toit, 'n "lewendige faktor" in die vooruitgang van die dorp "en is dit ons beskeie mening dat u Raad dit gewis in oorweging kan neem om 'n hoër toelae aan ons inrigting toe te ken."

Du Toit wys ook daarop dat die universiteit sy studente uit alle dele van die Unie en ook uit Suidwes-Afrika trek, en dat geld nodig is vir lenings- en vrye beurse. En hoe meer studente, hoe beter vir die dorp. Vroeër, toe die inrigting nog veel kleiner was, het die stadsraad £250 jaarliks gegee, maar later is dit verminder na £150. Wil die stadsraad dan nie maar weer die bedrag verhoog nie? Maar al die argumente het niks gehelp nie: weens die "onbevredigende toestand van die Raad se finansies" kon daar met spyt nie deur die stadsraad aan die versoek van die PUK voldoen word nie. [70]

Van tou opgooi wou Du Toit en die PUK niks weet nie. Pas die volgende jaar word, met dankerkenning vir die £150, maar weer gevra of die bedrag nie net "ietwat" verhoog kan word nie: daar is al meer as 300 studente ingeskryf, wat meer onkostes gaan meebring. Sonder om die vorige skrywe te herhaal, word "net 'n paar syfers" verskaf. So byvoorbeeld word £1 300 per maand aan salarisse betaal en "elke pennie ... word gespandeer in hierdie dorp totaal £15 600"; dieselfde geld vir "elke pennie" van die losieshuise se maandelikse uitgawe van £400. Neem hierby die £20 per jaar wat elk van die 300 studente in die dorp spandeer, en dit blyk dat die PUK jaarliks £26 400 in die dorp in sirkulasie bring.

Daar word subtiel op die gevoelsnare gespeel, sielkundige druk toegepas: volgens betroubare inligting het bykans alle stadsrade waar universiteite gesetel is, hul subsidies vermeerder. En dit word as 't ware ingevryf: vroeër is gereeld jaarliks 'n toelae van £250 ontvang. [71]

Inderdaad is daar van PUK-kant 'n bietjie huiswerk gedoen. 'n Tyd tevore het Postma, uit 'n navraag van eweknie-rektor Beattie van Kaapstad oor Potchefstroom se jaarlikse toelae aan die PUK, te wete gekom dat Kaapstad jaarliks £5 000 aan die universiteit in sy midde laat toekom. [72] Daar is ook navraag gedoen by 'n buurinrigting, die Universiteit van Witwatersrand, oor die gereelde bydraes van omringende munisipaliteite. Die antwoord moes die Potchefstromers effens van jaloesie laat verkleur het: Johannesburg gee £20 000, Brakpan £650, Boksburg £200, Benoni £62.10.0, Germiston £100, Krugersdorp £180 en Randfontein £100. In totaal dus £21 292.10.0 ... teenoor die skrale £150 wat jaarliks plaaslik ontvang word! [73]

Wie en wat dit geïnspireer het, is nie duidelik nie, maar in November 1937 kom stadsraadslid HM Olivier met 'n mosie dat in die volgende begroting £1 000 in plaas van die gewone £150 aan die PUK geskenk word, vir die jaar tot 30 Junie 1939, en dat dit oorweeg word om daarna jaarliks £250 te gee. [74]

Olivier se voorspraak het saamgeval met die doelgerigte insamelingsveldtog deur rektor Postma self. As uitvloeisel hiervan en spesifiek met die oog op die voltooiing van laboratoria, het die stadsraad die bedrag van £2 000 vir die boekjaar Julie 1938 tot Junie 1939 aan die PUK laat toekom. [75] Toe die jaarlikse £150 gevolglik nie in 1939 gestort word nie, word – met dank vir die ruim bydrae van £2 000 – tog gehoop "dat met die uitbreiding van die dorp in die naaste toekoms 'n plan sal gevind word om weer jaarliks 'n skenking te kan doen". [76]

In 1946 het die stadsraad weer begin om 'n jaarlikse bydrae van £100 te gee. [77] Tipies Postma, was daar "hoë waardering" hiervoor – al was dit £50 minder as voorheen. Geen bedrae vanuit hierdie oord figureer egter vir die volgende twee jaar nie, totdat in 1949 weer 'n skenking van £1 000 van die stadsraad erken word. [78]

Die Gereformeerde Kerk se deurlopende jaarlikse bydrae van £1 750 was natuurlik nooit juis in die gedrang nie, want dit het aan die kerkgenootskap sy vyf setels in die PUK-raad verseker. [79]

Vroeg in 1935 het die PUK deur te raap en te skraap £5 000 bymekaar gekry en word besluit om 'n laboratorium vir Natuurkunde en 'n dameslosieshuis op te rig. Daar word formeel skriftelik gevra, en formeel skriftelik bevestig: die kuratorium van die Teologiese Skool sal sy beurs en hand oopmaak en 'n derde van die losieshuis se koste borg, nl. £1 400. [80]

Die ondersteunerskorps wat in die vorm van PUK-komitees gefunksioneer het, het 'n substantiewe deel bygedra tot die private inkomste van die inrigting. So ook die stelsel van kamerverkope of -borgskappe, wat destyds met die oprigting van die hoofgebou van stapel gestuur is en mettertyd ook ten opsigte van ander geboue op die kampus van toepassing gemaak is.

Van oudsher af kon die PUK en sy voorgangers nie juis roem op 'n finansieel sterk skenkerskorps nie, hoewel donasies tog deurlopend redelik konstant gebly het. In 1936 was daar 'n effense opflikkering, met skenkings deur die Kamer van Mynwese (£1 000), Sir Abe Bailey (£200) en Sir Ernst Oppenheimer (£200). Van die skenkers se kant gesien was dit maar 'n aalmoesie; vir die PUK was dit soos manna uit die hemel en was daar groot dankbaarheid jeens sowel die donateurs as die bemiddelaar, minister Piet Grobler. [81]

Kreatiewe denke het van tyd tot tyd gehelp om die kas te vul. So samel die PUK-dameskomitee in 1934 die bedrag van £101 in met 'n skietwedstryd vir dames en £320 met 'n verkoping, terwyl 'n toneelgroep in 1936 en 1937 elke jaar £100 tot die PUK se fondse bydra. Vanaf 1935 word ook 'n stoporderstelsel geïmplementeer en is veral spoorwegpersoneel en onderwysers die teikenmark. In 1937 word £205 van eersgenoemdes ontvang "en verwag ons stellig nog £95 voordat die fonteintjie sal ophou om te loop". [82]

'n Ander instansie wie se naam met 'n relatief geringe maar gereelde bydrae in die annale van die PUK ingeskryf is, is die Helpmekaarbeweging in die Vrystaat en in Kaapland. Met hulle £25 of £20 jaarliks het hulle nie net solidariteit met die inrigting betuig nie, maar ook gehelp dat kleinerige gaatjies in die finansiële behoeftekleed van die PUK toegestop kon word (Vergelyk gereelde Senaatsrapporte in PUK-jaarboeke).

Nou nie dat hierdie bedrae sommer so in die skoot geval het nie! Dui 'n bietjie vir ons aan hoe word ons geldelike skenking bestee, is by geleentheid gevra. Die uiteensetting van die PUK se finansiële (nood)situasie is toe sommer handig gebruik om, op sterkte van die Adamson-kommissie se advies dat meer fondse uit die privaatsektor verkry behoort te word, vir 'n ietsie ekstra te vra, want daar moet 'n dameslosieshuis opgerig word, en laboratoria om die plek van die sinkbarakke in te neem. [83]

Teen 1938 is daar op hoogste vlak besluit om 'n bietjie woema aan die fondsinsamelingsaksies te gee en is skakelman "par excellence" Ferdinand Postma van sy doseerpligte onthef en weer die veld ingestuur met opdrag om minstens £10 000 byeen te bring. 'n Voorskot van £220 is aan hom gegee vir die aankoop van 'n motor, sy reiskoste sou betaal word en hy sou hulp verleen word met sy klasse. Die hout- en sinkgeboue se tyd was uitgedien: te lank reeds is "voortgesukkel met die onooglike geboue wat nie tot eer van die Universiteitskollege strek nie". [84]

Sommer binne die eerste jaar is byna £4 000 geïn en nog ongeveer £2 000 belowe. Oral, getuig die man



***3.4.6***

***Oudregter FW Beyers - testamentêre bemaking, "Die Oubaas het woord gehou.", was Postma se dankbare reaksie.***



***3.4.7***

***Mej C Oosthuizen. Sy wou haar Raadsmedalje se geld vir boufonds skenk, maar só erg was dit darem nie!***

wat steeds die statuur van reisende ambassadeur en inderdaad simbool van die PUK was, word meerdere of mindere steun ontvang; dis nie net die groot somme wat tot dankbaarheid stem nie, "ook die kleiner bydraes is baie baie welkom". Op die koop toe gee die persoonlike besoeke aan die huise geleentheid "om die belange van die P.U.K. vir C.H.O. in alle opsigte te bevorder". [85]

'n Ander groot meevaller was die testamentêre nalatenskap van £1 000 uit die boedel van oudregter FW Beyers, wat in 1921 voorsitter was van die Gekose Komitee wat die wetgewing vir inkorporasie onder die loep geneem het. Dit was ook die eerste donasie van hierdie aard – die nakoming van 'n belofte wat hy teenoor Postma gemaak het toe hy vroeër £50 geskenk het. [86] "Die Oubaas het woord gehou ... Dit mag andere ook laat dink", was Postma se reaksie toe registrateur du Toit hom hieroor inlig. En hy versoek dat 'n berig daaroor in *Die Kerkblad* geplaas sal word. [87] Hopelik sal hierdie voorbeeld deur ander ondersteuners nagevolg word, was die boodskap van 'n baie dankbare rektor in sy jaarverslag. [88]

In 1939 sit Postma die taak voort en einde September beloop sy fonds £9 361, met beloftes van nog £2 122. Die doelwit was nou haalbaar; die regering het sy toestemming gegee en die geld voorsien, die bouery kon 'n aanvang neem. 'n Verdere mylpaal in die geskiedenis van die PUK was binne bereik. [89]

Toe mej CM Oosthuizen in 1939 versoek het dat die geld van die raadsmedalje wat dié jaar aan haar toegeken is, eerder in die PUK se boufonds gestort moes word, het die Senaatsbestuur die aanbod as prysenswaardig maar nie aanvaarbaar nie van die hand gewys. [90] **Só erg was die geldnood darem nou nie!**

### 3.4.6 Gekibbel oor koeverte, kleingeld en slegte skuld …

Vroeg in Oktober 1930 word daar 'n vreemde versoek in die kantoor van die departement van Onderwys ontvang, in die vorm van 'n kort briefie van die assistent-registrateur van die PUK, mnr S du Toit, gerig aan die sekretaris van die departement: "U sal my seer verplig as u per kerende pos 'n aantal gefrankeerde koeverte, alle groottes, wil stuur, vir korrespondensie doeleindes met die Departement." Net dit, kort en klaar!

Op laer amptenaryvlak is die wenkbroue gelig. Dit is die eerste versoek van sy aard wat ons tot dusver ontvang het en ek sien nie hoe ons dit kan toestaan nie, laat weet mnr Malan sy kollega bokant hom. En mnr Breedt, ewe formeel, adviseer 'n antwoord "dat dit ons spyt maar ons kan nie aan sy versoek voldoen nie". In hakies agterna, en dus nie bedoel as deel van die antwoord nie, volg dié nota: "He is 'chancing his arm' "! [91]

Dat die PUK se manier van doen teen hierdie tyd ietwat irritasie in die binnekamers van die departement veroorsaak het, blyk uit 'n ander interne opmerking 'n tydjie tevore, na aanleiding van die aanvra van 'n onderhoud om 'n ekstra lening vir 'n hostel en bevordering van personeel met die minister te bespreek. "Waarom kan hierdie sake nie deur korrespondensie met die Dept. besleg word nie?", was "JH" se genoteerde reaksie. [92]

Soos reeds gesien, het die aanvanklik stramme verhoudinge tussen minstens dr Malan as minister van Onderwys en die PUK-hiërargie later ietwat verbeter. Vanaf 1933 het oudprofessor JH Hofmeyr die portefeulje beklee. Tussen hom en veral prof Postma was daar groot wedersydse agting en toe Postma vroeg in Julie vra vir 'n onderhoud, word dit sonder enige tekens van teenkanting vir 27 Julie toegestaan. [93] Hierdie keer trek die minister se eie mense aan die kortste ent en blyk daar ook op hierdie vlak kommunikasiegapings te bestaan. Na aanleiding van korrespondensie oor die instelling van 'n departement van Aardkunde en Aardrykskunde en die benoeming van 'n senior lektrise in Huishoudkunde, noteer 'n amptenaar só: "Ons weet niks hiervan nie. Dit gaat oor een van die sake waaroor 'n deputasie die Minister op 27/7/33 ontmoet het." [94]

Maar dat Postma-hulle se manier om probleme persoonlik met die minister uit te klaar, ook in Hofmeyr se tyd frustrasie by amptenare en spesifiek by Onderwys-sekretaris dr SFN Gie ontlok het, blyk uit die bovermelde onderhoud wat vroeg in Mei 1934 aangevra is oor die PUK se aansoek om 'n lening van £25 000 vir die oprigting van geboue en die nuwe stelsel van subsidie. Gie se advies aan die minister was: "Die mense mors geld deur te kom maar hulle moet seker maar geleentheid kry om u te sien as hulle dan **wil** kom." Hierop het Hofmeyr diplomaties gereageer met: "Ja, ek sal hul sien." [95]

Tydens hierdie samesprekinge wat rektor Postma en raadslid ds WJ de Klerk op 2 Mei 1934 met minister Hofmeyr gevoer het, is 'n ander netelige kwessie weer opgehaal, naamlik die versoek om kwytgeskeld te word van die balans op die lening van £4 000 wat in die vroeë twintigerjare aangegaan is ten einde die sinkbarakke van die Verdedigingsmag aan te koop. Na sorgvuldige oorweging kon die departement tot sy spyt nie aan die versoek voldoen nie. [96] Vir 'n tydjie sou hierdie saak op die agtergrond skuif en het die PUK se bouprogram bo aan die prioriteitslys kom staan.

In die onderhandelinge oor 'n toelae vir 'n dameslosieshuis in 1934 het die PUK vir £6 000 gevra, maar die departement kon volgens die nuwe Adamson-formule, waarvolgens net 'n derde van die bedrag toegestaan word, net £5 500 gee. Postma het mooi gesoebat en tot die amptenary se gevoel gespreek. "Sal ons maar…", vra die een, (geparafeer "JHH" – waarskynlik die minister self?) en kry as reaksie van "MCB" (MC Botha, die pasaangestelde opvolger van dr Gie as sekretaris van die departement): "Ja, laat ons maar £6 000 op die begroting plaas." [97]

Dat dit inderdaad 'n gewetenstoegewing was, blyk uit 'n verdere nota van "JHH" 'n paar dae later, waar na aanleiding van 'n versoek van die Universiteit van Kaapstad sommetjies gemaak is oor bedrae wat as lenings vir koshuise aan universiteite en kolleges toegestaan is: UK £160 000, US £95 000, Witwatersrand £69 000, UP £33 500, Natal £34 000, Grey £20 000, PUK £10 200 en Hugenote nul. Met die oog op hierdie syfers, stip die minister aan, sou hy nie verdere steun aan UK kon verdedig nie. [98]

Met die finale afrekening, na die oprigting van die geboue, het geblyk dat daar inderwaarheid 'n oorskot van £2 085 ten opsigte van die regeringstoelaag van £6 000 bestaan. Die departement word gevolglik versoek om nie hierdie bedrag nou af te skryf nie maar dit oor te dra na die volgende boekjaar "aangesien ons miskien nog die een of ander 'windfall' mag kry, wat ons instaat mag stel om weer 'n gebou op te trek aanstaande jaar, waarvan ons op die oomblik miskien nie van bewus is nie." En, vra die registrateur, sluit sommer die 6/8 (ses sjielings en agt pennies) wat, volgens 'n vorige skrywe, aan ons verskuldig is, by die finale paaiement in. [99]

Ten opsigte van beide sake – die versoek tot vryskelding van die restant van die lening vir die sinkgeboue en die 6/8 "kleingeld" – was die reaksie van Pretoria negatief. En die PUK se somme was ook nie reg nie!

Intussen verloop daar twee jaar. Pas nadat Postma in November 1937 deur die Raad opgedra is om £10 000 in te samel met die oog op die oprigting van doeltreffende laboratoria, word die £4 000 lening van die vroeë twintigerjare (vir die sinkbarakke) weer opgehaal, en wel in 'n skrywe van Postma aan minister van Verdediging, Oswald Pirow: "Ons skuld vandag nog aan die Regering £1 853 op die oorspronklike lening, en die waarde van die geboue is miniem. Ons het al probeer om van hul van die hand te sit en die hoogste aanbod wat ons op die opemark vir die grootste kon kry was £100."

Postma skets dan die omstandighede waaronder die geboue destyds noodgedwonge aangekoop moes word, en hoedat dit geleidelik uitgefaseer is en oorbodig word: "Nie alleen is hierdie geboue vandag ondoeltreffend nie, maar met die jare is hul nou al so verweerd dat hul uiters gevaarlik is wat brand betref. Derhalwe moet ons nou so spoedig moontlik plan maak om hul te verwyder." Maar die crux van die saak is die skuld daarop, en die rente en aflossing wat tot 1945 betaal sal moet word. Die skuldlas deur hierdie geboue druk swaar en gevolglik word by die edele minister en die regering gepleit om dit af te skryf. [100]

Nog dertien maande verloop, en dan doen registrateur Du Toit namens Postma navraag oor die saak.[101] Of daar hoegenaamd reaksie was, kon nie vasgestel word nie. Maar teen die einde van die jaar waarin "die lang gevreesde oorlog uitgebreek (het) wat die ganse wêreld in beroering bring en onrus saai", [102] neem Postma sy kans waar toe Hofmeyr besoek bring aan Potchefstroom en hy pols hom oor die saak. Op versoek van die minister verskaf hy weer al die besonderhede op skrif en wys hy daarop dat die minister "nie alleen aan ons, maar aan die saak van Onderwys sekerlik 'n groot diens (sal) bewys". [103]

Binne amptenarygeledere is daar heelwat gekrabbel oor die versoek. Toe dit blyk dat die PUK eintlik net £2 128 vir die geboue self betaal het, en dat die res vir arbeid met die heroprigting en omheining gebruik is, het die minister gemeen "dat hulle waarde gekry het vir hul geld". Die PUK is ook tegemoetgekom deur die lening tot 20 jaar te verleng, en dis alleen as gevolg van daardie tegemoetkoming dat hulle nou om afskrywing vra. "Ek sien geen kans dat Tesourie so 'n afskrywing aan die Parlement sou kon aanbeveel nie", besluit hy en sê dat Postma in hierdie gees geantwoord moet word. [104]

Die PUK is dienooreenkomstig in kennis gestel en daarmee was dit 'n geval van "fluit-fluit, die storie is uit". Weer het die PUK, in 'n onderonsie met die departement, tweede gekom. [105]

### 3.4.7 Dekade 40: Raap en skraap ... en dun sny van rieme

Die dekade veertig staan, wat die PUK betref, enersyds in die teken van die voortslepende wêreldoorlog, wat 'n demper geplaas het op finansiële bedrywighede landswyd en daarmee ook die PUK se algehele ontwikkeling tot 'n mate aan bande sou lê. Aan die ander kant is daar, sedert die einde van die oorlog in 1945, 'n merkbare oplewing vir sover dit uitbreiding aan die PUK betref – 'n oplewing wat saamgeval het met en ongetwyfeld verder geïnspireer is deur die vooruitsigte en afwagting op selfstandigwording.

Finansieel het die PUK dit van oudsher af maar nie breed gehad nie, en die veertigerjare sou geen uitsondering wees nie. Doelgerigte fondsinsamelings-

veldtogte is in 1940 deur oorlogsomstandighede in die wiele gery, maar Postma het dit tog nodig gevind om 'n ernstige beroep te doen "op die wat aan die ondergetekende met sy rondreise geld beloof het, hul belofte so spoedig moontlik na te kom daar die gelde baie nodig is". [106]

In April 1941 het mnr HC van Rooy, oudstudent en onderwyser te Somerset-Oos, as organiseerder by die PUK in diens getree. Sy benoeming was, volgens Postma, 'n groot voorwaartse stap en wel vanweë toenemende uitbreiding: "Sy taak is groot en gewigtig om oral in die Unie belangstelling, liefde en steun te wek en te verkry vir die P.U.K." [107]

Van Rooy het wyd gereis ter uitvoering van sy taak. In sy eerste jaar het hy hom veral op die Witwatersrand, Pretoria en die Vereeniging-omgewing toegespits; die jaar daarop het hy Wes-Transvaal en die Karoo bearbei. Afgesien van kontantbydraes, is veral gekonsentreer "om die vaste stroompie gereelde jaarlikse bydraes" met bankstoporders of andersins te verbreed. [108]

Verwysende na 'n testamentêre bemaking van £559 deur wyle mev H Vorster van Steynsburg, hoop Postma dat die voorbeeld navolging sal vind, veral onder oudstudente: "Ryk of arm, elkeen kan, as die goeie wil daar is, iets nalaat vir 'n inrigting wat ons volk op die pad van Suid-Afrika wil sien." Dit sal die taak van die nuwe organiseerder wees om hierop die aandag te vestig. [109] In 'n formele dankbetuiging lui dit so: "Tant Hessie ... het deur hierdie daad uitdrukking gegee aan haar lewensoortuiging dat Christelike onderwys die behoud van 'n volk is. Ook dank aan die eksekuteurs, oom Willie Steyn van Venterstad en oom Hans Vorster van Steynsburg, vir die prompte en korrekte uitvoering van die laaste wil van die oorlede suster. Sulke dade in hierdie verwarde tye van verwoesting en vernieling is kostelik."[110]

Testamentêre bemakings aan die PUK was uiters skaars en daar is slegs een verdere bemaking in die veertigerjare aangeteken: £500 uit die boedel van mnr J. Versluis. [111] Hierteenoor het die PUK baie staatgemaak op individuele skenkings van goedgesinde ondersteuners, hoe gering ook al.

Ter vervulling van sy taak soos hierbo uitgespel, bevind Van Rooy hom byvoorbeeld in Desember 1942 in die Kaap en het hy dringend twee nuwe bande nodig vir sy motor. Nuwe bande is egter onverkrygbaar en vanaf die administrasiekantoor by die PUK word hy geadviseer om maar te probeer om tweedehandse of versoolde bande in die hande te kry. Maar daarvoor moes hy eers 'n permit by die magistraatskantoor kry! Om verder tot sy ellende by te dra, is hy 'n week of twee tevore naby Somerset-Wes in 'n spoedlokval gevang en met £2 beboet, 'n bedrag wat, volgens sy pleitverduideliking aan die plaaslike verkeersuperintendent, "werklik hard druk op 'n vreemdeling wat onbewus oortree het". [112]

Die volgende paar jaar lê Van Rooy duisende myle af en jaar deurreis hy die land in belang van die PUK, maar by tye moet hy ook op die tuisfront hand bysit vanweë die uitbreiding van administratiewe werksaamhede. In 1946 en 1947 word hy van tyd tot tyd deur professore vergesel en in laasgenoemde jaar word 'n geheel nuwe terrein betree toe van Rooy vergesel van rektor Postma en prof HG Schulze werwingswerk in Suidwes-Afrika gaan verrig. [113] Pas hierna is Van Rooy as voltydse bibliotekaris aan die PUK benoem en het hy hom met 'n Carnegie-beurs in Amerika in die biblioteekwese verder gaan bekwaam. [114]

Mnr GP Schoeman is in van Rooy se plek as organiseerder benoem terwyl alle insameling vir die Uitbreidingsfonds asook propagering van die universiteit na buite voortaan in die hande geplaas is van 'n Uitbreidingskomitee bestaande uit die rektor, prof JC van Rooy, die registrateur, die organiseerder en die uitbreidingsamptenaar. Senior personeel sou gevra word om die uitbreidingsamptenaar te vergesel indien die rektor dit nie kon doen nie. [115]

Die pos van uitbreidingsamptenaar is op tydelike basis eers aan ds SP van der Walt en toe aan dr JF O'Grady – albei skoonseuns van rektor Postma – aangebied, maar Van der Walt was op pad oorsee en O'Grady het nie daarvoor kans gesien nie. [116] Daar is ook oorweeg om student GBS Pasch te vra om na voltooiing van sy teologiese studies vir 'n paar jaar lank die taak op hom te neem. [117] Uiteindelik het eers mnr JV Coetzee en daarna mnr CJH Schutte die taak in tydelike hoedanigheid op hulle geneem, terwyl dr O'Grady tog ook op deeltydse basis hulp verleen het. Senior personeellede het steeds hand bygesit en so byvoorbeeld het rektor Postma self in 1948 wyd gereis: Kimberley, Fochville, Johannesburg, die Transvaalse Laeveld, Frankfort, Heilbron, Kaapstad, Prieska, Pretoria, Henneman, Zeerust, Lichtenburg, Blyvooruitzicht en Vereeniging. [118]




***3.4.8***

***JV Coetzee en JF O'Grady - uitbreidingsamptenare***


Personeelbydraes, by wyse van aftrekkings van 'n persentasie van hul salarisse, het deurgaans 'n substantiewe deel van die Universiteit se inkomste uit privaatfondse uitgemaak. In 1941 het dit ongeveer 25 persent beloop, maar in die jare daarna het die persentasie afgeneem namate meer buitefondse geïn is. Postma het gewonder of dit nie dalk die enigste universitêre inrigting in Suid-Afrika is waar dit gedoen word nie en het dit bestempel as " 'n groot steun en 'n sprekende voorbeeld". [119]

Ook ander goedgesindes het bankstoporders ten gunste van die PUK laat teken, soos byvoorbeeld die onderwyserskorps. Die Provinsiale Administrasie van Transvaal het egter vanaf die begin van 1942 geweier om sulke aftrekkings van sy onderwysers te aanvaar. [120] Van 'n ietwat ander aard was die opbrengs van 'n Volkspelefunksie te Pretoria en 'n musiekkonsert te Potchefstroom in 1942. Nog vreemder maar steeds baie welkom op die PUK was die staande sessies op die agterskotte van werknemers van die Magaliesbergse Koöperatiewe Tabakplantersvereniging. Hiervolgens het 144 persone jaarliks £204 tot die PUK-kas bygedra. [121]

In sy rondreise voor die uitbreek van die oorlog het rektor Postma skynbaar nie vergeet van die "koe-stelsel" waarmee ds WJ de Klerk baie jare tevore die PUK-fondse aangevul het nie. In Maart 1941 word 'n tjek ontvang "vir die bedrag van £4.6.3. wat opgebring is vir een koei met kalf wat deur mnr Willie Skeepers van Carolina gegee is aan Prof Postma toe hy in Carolina gekollekteer het vir die P.U.K. Boufonds." [122]

DG Steyn van Venterstad se £100 in 1942 was sommer 'n stywe klomp geld vir die tyd. 'n Paar jaar later gee die Hoogenboezem-familie van Johannesburg £500 en is daar nie minder nie as sewe honderd-ponders in die jaar se lys van skenkers. Voortaan sou sulke groter skenkings meer dikwels voorkom. Die donateurslys vir 1948 veral vertoon stewig, met bo-aan die £500 geskenk deur Potchefstroomse sakeman B Shapiro, wat pas sy pragtige landgoed aan die Mooirivier aan die Universiteit verkoop het. [123]

Hoewel dit aanvanklik maar baie gering was, sou ook maatskappyskenkings geleidelik toeneem. Van Kopersbond Bpk in Johannesburg word £100 in 1947 ontvang, pas nadat die baie bekende prof LJ du Plessis hul diens betree het. Dit is ook interessant dat die stadsraad van Brakpan vanaf 1946 bydraes begin maak het. In 1948 skenk JL van Schaik van Pretoria £250, en SM van Achtenberg van Johannesburg £250 en het minstens drie verdere firmas, waarvan twee Engels was (Union Malt van Potchefstroom en Unit Securities and Trust van Johannesburg), elk £100 aan die PUK laat toekom. En, les bes, bevind 'n onbekende "Stiefvriend" hom ook onder laasgenoemdes! [124]


Witbank
P.K. Carolina.
17.3.41
Prof.
S du Toit Registrateur
Geagte Prof
Ingesluit vind u
'n tjek vir die bedrag van
£4.6.3. wat opgebring is vir een
Koei met Kalf wat deur mnr
Willie Skeepers van Carolina
gegee is aan Prof Postma toe Hy
in Carolina gekollekteer het
vir die P.U.K. Boufonds.
Mnr T. v. van der Walt het die
Beeste verkoop en my gevra
om dit aan te stuur
wat ek hiermee doen.
Met hartelike Groete
Van Huis tot Huis.
U Dienaar
Ontvangs erken
19/3/41

3.4.9

*Die "Koe-stelsel" het steeds na 30 jaar dividende opgelewer.*

Die skenkingslyste vir 1949 en 1950 maak interessante leesstof uit en word gevolglik volledig hieronder opgeneem. Dit dien gemeld te word dat die registrateur, mnr S du Toit, in 1950 op versoek van die Raad en met behoud van sy amp, as uitbreidingsamptenaar opgetree het om, met die oog op selfstandigwording, fondse in te samel. Hy sou hom vir die volgende twee jaar net hierop toespits. [125]

**Uitbreidingsfonds en donateurs, 1949:**

| | |
|---|---|
| Boedel wyle mnr JJ Versluis | £500 0 0 |
| Consolidated Medical Requisites (Pty) Ltd | £500 0 0 |
| Argitekte Meiring en Naude, Pretoria | £368 16 10 |
| Gereformeerde Gemeente Steynsburg | £298 4 0 |
| PUK Alabama Boere-orkes, Potchefstroom | £285 17 4 |
| Gereformeerde gemeente Johannesburg-Noord | £270 17 6 |
| Mnr F du Toit, Marydale, Kaapprovinsie | £250 0 0 |
| Direksie Volkskas, Pretoria | £250 0 0 |
| Dr CA Welgemoed, Pretoria | £250 0 0 |

| | |
|---|---|
| Mnr J van der Walt en seun (N), Vosburg, Kaapprovinsie | £200 0 0 |
| Mnr JSM Bothma, Nelspruit | £200 0 0 |
| Gereformeerde Gemeente, Vryburg | £143 1 0 |
| Gereformeerde Gemeente, Potchefstroom-Noord | £132 0 0 |
| PUK-Toneelvereniging, Potchefstroom | £128 9 8 |
| Gereformeerde Gemeente, Krokodilrivier | £123 0 0 |

Die volgende persone en instansies het elk £100 bygedra: Gereformeerde gemeentes Alberton, Potchefstroom en Pretoria-Oos, Central News Agency (Johannesburg), prof en mev DJ van Rooy, dr JJC Pietersen (Pretoria), dr H du Plessis (Pickard, Prieska), mev CJ Breyer-Hummelin (Johannesburg), mev L Stoker (Johannesburg), mnr en mev NG van der Hoven (Tayside, Natal) en mnre JPL Snyman (Zeerust), CJ Venter (Vosburg), JGJ Freischlich (Fochville) en JP Duvenage (Steynsburg).

**Uitbreidingsfonds en donateurs, 1950:**

| | |
|---|---|
| Standard Bank van Suid-Afrika, Potchefstroom | £1 500 0 0 |
| Barclays Bank (DC & O), Potchefstroom | £ 500 0 0 |
| United Tobacco Co (South Africa) Ltd, Kaapstad | £ 500 0 0 |
| Gereformeerde Gemeente, Waterberg | £ 400 0 0 |
| Argitekte Meiring en Naude, Pretoria | £ 387 11 11 |
| PUK-Toneelvereniging | £ 196 16 3 |
| C Bothner en Seun, Johannesbug | £ 150 0 0 |

Honderdponders was die volgende: Gereformeerde Gemeentes Springs en Pretoria-Oos, Trustees Johannes van der Walt-Gedenkfonds, Nederlandse Bank voor Zuid-Afrika (Potchefstroom), Sinclair en Kie, Pretoria, JJ Bosman (Volkskas Bpk, Pretoria), dr I Olën (Potchefstroom), mnr en mev A Turkstra (Potchefstroom) en ID du Plessis (Rhenosterfontein, Pk Houtkraal).

Du Toit se spesiale missie het meegebring dat GP Schoeman tydelik as registrateur waargeneem het terwyl CJH Schutte, tydelik as uitbreidingsamptenaar aangestel, weer in Schoeman se plek as organiseerder waargeneem het. [126] Saam met Du Toit sou hierdie twee here in die jare wat kom 'n uiters gedugte kombinasie vorm vir sover dit die administratiewe en finansiële bestuur van die PUK betref.





*3.4.10*

***GP Schoeman (bo) en CJH Schutte (onder) - vorm saam met registrateur du Toit 'n gedugte span in die enjinkamer van die PUK.***

Oor die skenking van United Tobacco Company rapporteer du Toit aan waarnemende registrateur Schoeman dat hy mnr Oosthuizen, wie se vrou 'n suster van minister Klasie Havenga is, ontmoet het: "Watter vriendelike, liewe Afrikaner... Ek wil mnr O nog later vir meer steun nader. Ek dink aan 'n beursfonds. Hy is 'n oud-Steynsburger en is tog te trots na enige iets wat net na die Karoo ryk [sic]." [127]

Die Alabama Boere-orkes, wat in later jare een van die PUK se beste uitvoerprodukte sou word, asook die PUK-Toneelvereniging was vanaf 1944 aktief vir sover dit fondsinsameling betref, veral met die oog op die bou van 'n studenteklubgebou. [128] Al het Postma voorspel dat hierdie ideaal "binnekort" verwesenlik

sou word, sou daar egter nog eers baie water in die see loop voordat in hierdie lank-gekoesterde behoefte voorsien sou word.

Kyk 'n mens na die oorhoofse prentjie, is dit duidelik dat die rieme maar deurentyd dun gesny moes word, dat die PUK maar voortdurend moes meet en pas om met sy beperkte middele in die noodsaaklikste behoeftes te voorsien. Hoewel netjies en eie aan die tydsgewrig, word die meeste van die geboue wat sedert die begin van die dertigerjare op die kampus verrys het, eerder deur funksionaliteit as stylvolheid gekenmerk. 'n Oorblywende sinkgebou, wat as werkswinkel en stoorkamer vir die opsigter gedien het, is byvoorbeeld op eie stoom in 'n doelmatige steengebou omskep.

In die gedenkprogram wat tydens selfstandigwording in 1951 uitgegee is, word die prentjie mooi geskets deur prof GTS Eiselen: "Die groei van die P.U.K. word op treffende wyse weerspieël deur die steeds toenemende kompleks van geboue wat nie tred kon hou met die toename van die werklike behoeftes nie... Die datums getuig daarvan hoe elke nuwe gebou 'n noodtoestand tydelik en ten dele verlig het nadat fondse daarvoor gevind is. Die P.U.K. moes 'n belangrike deel van die fondse vir die oprigting van elke gebou self vind en het onder sy ondersteuners en donateurs geen rykes getel wat duisende ponde ineens kon gee nie. Daarom is die verrysing van elke nuwe gebou 'n getuienis van inspanning, volharding, offer en geesdrif vir die ideaal wat die P.U.K. voorstaan." [129]



***3.4.11***

***Alabama 1944. Met hul optredes en toere het hulle nie net die beeld van die UK uitgedra nie, maar ook gehelp dat die geldkoffers nie leeg bly nie.***